

Inhoud / Content

1.	Liewe Vriende.....	2
2.	Lea's plight.....	4
3.	'n Outydse 'love story'.....	7
4.	Ons praat restourasie.....	9
5.	Announcements.....	11
6.	Words to ponder.....	12

Redaksie / Editorial Staff

Artikels / Articles:

Anziske Kayster, Jackie Loos, Piet Theron

Redigering / Editing:

Peter Whitlock & Ansie Malherbe

Drukwerk en Produksie / Printing & Production:

Denise van Wyk, Katriena Booyesen & Letisha Uithaler

Verspreiding/ Distribution:

James van Rhyners, Erika Boggenpoel & Zenevin Isaks

Liewe Vriende,

Mense is darem kwaad vir mekaar deesdae!

So staan en peins ek terwyl ek wroeg in 'n lang mense-ry by 'n bekende Wes-Kaapse vakansie-oord, note in die hand, gereed om vir my ook van daardie ma-pa- en-Uncle-Dick figuurtjies te koop wat jy teen jou motor se ruit plak. Gesigte is pruim-suur en waag dit net om per ongeluk aan 'n skouer te stamp of op 'n toon te trap en die suur loop onbeheersd by die mond uit. Dat mense met vakansie so ongelukkig kan wees, kerk ek diep in my binneste, gerieflik-vergetend van my eie suur by die bank, by die skool, by die slaghuis, by die *gim* (jare gelede) en selfs wanneer ek in my eie ligblou Toyota'tjie klim.


Verdraagsaamheid,

O! Onverdraagsaamheid!

Dit is wat ons lewe deesdae be-kol en die plesier van elke dag se opstaan en lewe! verdrink. Ons lewensblyheid is vernietig, getemper en gekerker deur geld, uitverkoop en afslag, korrupsie en prestasie, ras, klas, padwoede, vreemdelinge-haat, kwotas, LOADDDE SHEDDINGGGE - soos daardie Japanese nig met die pienk hare in die advertensie sê..... en standbeelde.

Ek praat uit ondervinding.

En tier ek ook in my binneste oor die onregverdigheid van alles, soos elke ander huishouding regoor die land, ook in Graaff-Reinet, van Dennis van Wyk-tot Donkinstraat. Kwaad en aggressief spoel ons frustrasies na buite, af in die straat en vind lêplek by ons en diegene, wat dit nie verdien nie. Dan kry die vloekwoord VERALGEMENING ons aan die stert beet en maak ons deel van die massas.



Ons *gedeelde onthou* ontgaan ons in die aangesig van ons vinger-wys: die vreugde wat geboortes bring, bruilof hou, huisie-bou, matriekafskeid, nuwe skoene, die wen-drie druk en die smart van skinder, arm-wees, ma/pa-wees, honger-wees, wees-wees en *koebaai-sê*. Die hart van hierdie land is net soos Professor Jansen van die Vrystaatse Universiteit sê: mense wat die ewewig wil bewaar, wat nie geweld as die oplossing ondersoek nie en nooit die lyn

van hoflikheid sal of wil oortree deur te veralgemeen en suur te spoeg nie. Om op 'n standbeeld te klim is in elk geval te veel moeite! Aan die binnekant is ons almal dieselfde: wil ons net die beste vir ons kinders, 'n dak oor ons kop, spys en drank op die tafel en geld in die bank hê. Ons is almal net mens.

Ons deel 'n verlede of ons dit wil erken of nie. Ja, daar is selfs van ons wat die verlede beskerm en koester sonder voorbehoud, of ons dit wil erken of nie. Dit sien ek wanneer Antie Pat se donker hande eerbiedig om die koppietjie vou waarom Helen Murray in vervloë dae haar lippe getuit het. Dalk pinkie in die lug, maar ek twyfel.... Of wanneer Hermi Baartman, 'n wit vrou, die nalatenskap van Robert Sobukwe aan 'n gemeenskap vertel, wat Sobukwe onthou, maar nooit sy storie self beleef het nie. So loop die verlede, so kry hy sy loop en beland dit op sy tyd en plek voor ons groen museum-deur. Ons het 'n plekkie vir alles: Oom Terie se brood-storie en die meelsiffie van die Smit-familie, Oom Willa en sy *band* en Ant Maggie Botha se *Ladies Journal* van 1939, Elizabeth Vorster se plaaswerktuie en Rina Malherbe van Theunissen se aandhandsakkie en hangertjie wat haar pa tydens die Tweede Wêreldoorlog gemaak het.

Telkemaal vind ons bekendheid in ons artefakte wat besoekers terug na die

verlede neem, onge-ag taal, ras, kleur, geloof of herkoms. Grammofone, boontjiekerwers, tessies, oblikiepanne, tafellappies, Staffordshire hondjies, worsstoppers, polvytjies, *flapper-dresses* haarborsels, Pond's seep noem dit maar op; in elke huis pryk 'n gedeelde verlede.

Win or lose, sink or swim

One thing is certain we'll never give in

Side by side, hand in hand

We all stand together

Play the game, fight the fight

*But what's the point on a beautiful
night?*

Arm in arm, hand in hand

We all stand together

So sê Paul McCartney en sy paddas. En Ek? Ek sê maar net: dit behoort nie veel skade te doen om die "We all stand together" van hierdie liedjie te onthou en toe te pas wanneer ons so koronêrskiet-kwaad vir ander raak oor onbenullighede nie. Dit is eenvoudig nie die moeite werd nie. En om die hier-wil-ek-nie-bly-nie, want-hier-is-niks-vir-my-nie- houding aan te neem help net mooi niks. Daarvoor is ek te lief vir my land en sy mense en die kos en die sonnige sonnigheid van die Karoo wat dalk moontlik to hernubare energie kan lei.

Dus en nou ja: Ek hoop julle deel hierdie sentimente sodat ons saam hierdié wa deur die drif kan trek.


Lea's plight

by Jackie Loos

Published: Cape Argus 20.3.2008

William Thomas Brown, an Englishman of Graaff-Reinet was an obstinate and mean-spirited character.

As a British settler, he was not supposed to own slaves, but this provision was not strictly enforced.



Legal Notice which states that British Settlers are not allowed to own slaves

Thus there were no repercussions when Brown acquired Lea of the Cape (a cook with three daughters) and Alexander of Mozambique (a labourer) early in 1832.

Brown, self-important and pedantic, seems to have been unable to grasp that the 1831 ordinance banning

corporal punishment for female slaves, was a humanitarian measure that was long overdue. Upon learning that he was not allowed to whip Lea, he instructed a local carpenter to make a pair of wooden stocks, so that he could lock her by the legs in a painful sitting position for minor misdemeanors or insolence. This contraption was not illegal and was sometimes used in the public prisons as an extra means of restraint, but it was not a common form of punishment.

In December 1833 he placed Lea in the stocks for ill-treating her eldest daughter, aged 12. He claimed that she had purposely knocked Lea junior off the stoep in anger, after his wife Susanna Catharina (nee Fouché) had [illegally] punished the girl.

Lea said that her daughter had run crying to her, and she had tried to disentangle herself because she was not allowed to intervene when her mistress beat her children. She had pushed her away, saying: "Go away from me, I may not speak concerning you," and young Lea had accidentally fallen off the stoep, but she had not suffered any further injuries. When Lea noticed that her master had neglected to lock the stocks, she escaped and set off to complain to the Protector of Slaves (Donald Moodie) but she was overtaken by Brown and forced to return.



The Protector of Slaves: Donald Moodie

He informed her that she was a deserter because she had not asked for a pass prior to leaving his premises, as was required by law.

Lea spent the rest of Saturday sitting on a stool with her legs raised and locked 56cm apart, without any support for her back. She was let out at night, but was confined again on the following Monday morning as punishment for her disobedience. She arose before sunrise on Tuesday and left without asking for a pass, believing that she would not be given one.

She hid behind a wall near the Protector's office, awaiting his arrival, but Brown got there first and informed Moodie that he was determined to

assert his authority over Lea, which she was "setting at defiance." He had taken pains to explain the position to her, but she refused to conform to legal requirements, and he asked Moodie to tell her that she had behaved improperly.

When Moodie declined, Brown stood in the doorway of his office and ordered Lea to go home, escorted by his slave Alexander. She could complain when she had finished serving her punishment – provided she asked for a pass. Cowed and demoralised, she meekly obeyed and was immediately returned to the stocks.

Taken aback by this narrow interpretation of the ordinance, Moodie could only say that Brown had raised a previously uncontested point, but he warned the surveyor that he was liable for prosecution for twice preventing Lea from lodging a complaint, and for subjecting her to an unnecessarily painful "correction."

This is indeed what happened. After a long hearing, Mr E Bergh, the Resident Magistrate of Graaff-Reinet, imposed three separate fines of £10 on Brown, who immediately requested leave to appeal. This was granted, and he had the satisfaction of having one fine remitted in the Circuit Court.

Convinced that his reading of the law concerning slave passes was correct, Brown sent a long, tedious letter to the governor appealing for further relief and enclosing copies of the relevant court records.

Meanwhile, the whipped child was sent away to a farm for a few days, presumably to allow the marks of her punishment to fade.

Lea's case reveals how little control slave women had over the welfare of their offspring. Young children could be punished and sold at their owners' behest, and if they were troublesome, their mother got the blame. Slaves were supposed to carry notes issued by their owners when they were away from home, but this requirement was often breached during the last years of slavery. Very few female slaves living in country villages, would have carried passes as they went about the streets by day.

Fortunately for Lea, Moodie realised that Brown had intimidated her, and he instituted a successful prosecution. Lea and her daughter were reunited outside the court and they exchanged brief greetings: "She said: 'Good morrow, Mama,' and I kissed her."

The Governor referred Brown's petition to the magistrate of Graaff-Reinet, and was guided by his report. Mr Bergh

praised Moodie for taking pains to explain the unwelcome slave legislation to disgruntled owners, and criticised Brown for his opposition to the ordinance and his "inflexible determination" to deprive Lea of her right to complain.

Worst of all, he was "an Englishman, a person of education, and possessed of great affluence acquired in the service of Government, and ought consequently to have set a good example ..."

Although the governor turned down his appeal, Brown's reputation did not suffer as a result of his conviction for cruelty. His first wife Susanna Catharina Fouché died in 1836 and the following year he married Jane Stewart in Somerset East.

Thirty years after his abuse of Lea, his eldest daughter from his second marriage, Mary Ann (or Marian) Brown, married the Rev. Abraham Isaac Steytler (1840-1922), a leading preacher and staunch church traditionalist, who became moderator of the Dutch Reformed Church in 1909.

Steytler, an imposing man with a fine voice, married twice and fathered twenty children, ten from each union. Thirteen of his offspring survived to adulthood. In August 1834, eight and a half months after her punishment in the stocks, the slave Lea of the Cape gave

birth to her only son Diamant. He died eight weeks later.

(The Graaff-Reinet Museum has obtained special permission from Jackie Loos to use Lea's story as part of The Slavery and The Long Road to Restitution Exhibition)

'n Outydse ' Love Story ' van Daan en Wilma

Sy was 'n lang, lomp meisie, hy 'n selfversekerde jongman, lank in die tand. Hy het *Mills Special* sigarette gerook so geel blikkie "England's Luxury" wel vervaardig in Johannesburg deur Amalgamated Tobacco Corporation Ltd, het op die blikkie gestaan. Hulle het mekaar in die Botaniese tuine ontmoet. Dit was destyds die uithangplek van die jongmense weens 'n gebrek aan *Disco's*, flieke ens. Sy was saam met vriende daar en hy en haar vriendin se neef het daar aangekom. Sy het op die gras gesit en hy het haar galant op die voete gehelp. Later kon sy ter verdediging aanvoer dat hy nie haar voete onder haar uitgeslaan het nie.

Sy moes eintlik Wilhelmina geheet het, volgens familietradisie na haar Ouma vernoem, maar haar ma het dit goed gedink om die *hel*-gedeelte uit haar naam te laat. (Sommige ouers slaan die hel uit hul kinders) Ongelukkig kon sy dit nie uit haar

karakter kry nie. Sy naam is Daniël (*Danihel*). As sy meer ervare was sou sy besef het dat daar 'n verskuilde hel in sy naam is en dat twee *helle* 'n inferno veroorsaak.

Hy het toe begin "call". Die eerste keer dat hy kom kuier, het die jonger sussies en Liesbet, die huishulp, almal by die middeldeur staan en loer – nuuskierig om die nuwe vryer te sien. Dit het hom nie afgesit nie, ook nie die eerste keer dat hy daar kom eet het en die sop verbrand het nie. Op daardie tydstop het daar ook 'n ander knaap gekuier, 'n heel ordentlike ou wat haar na motorresies en musiekkonserte geneem het. Hy was selfs bereid om sy broek te verkoop om kaartjies vir die musiekkonsert te bekostig. Maar vir 'n ou sonder broek het sy ook nie kans gesien nie. Vir 'n ruk lank het sy die kêrels afgewissel en Ouma het gewaarsku dat sy sal moet kies. Tog, een aand toe sy laat windverwaaid van 'n vertoning gekom het, nekke skeef gedraai van opkyk en heen-en-weer-draai, was die ander een reeds daar vir 'n kerkafspraak. Hy was nie afgesit nie, maar het haar voor 'n keuse gestel. Sy het haar Ouma geraadpleeg en Ouma het die kerkman gekies. Hy was dus haar Ouma se keuse en nie hare nie. Dit het sy hom dikwels voor die kop gegooi as sy na die musiekkonsert-knaap verlang het.

Die aand wat hulle wou ouers vra, is sus Stefanie vooraf gewaarsku om die twee jonger sussies Rita en Theresa uit die pad te hou. Maar grootbek wat hy was, kon hy net nie tot 'n punt kom nie. Dit het laat geword en die ouers is later bed toe. 'n Ander plan moes bedink word. Omdat die ou Vader voorsitter van die skoolkommissie was waar sy skool gegee het, moes sy dikwels dokumente vir die hoof huis toe neem om dit te onderteken. Onder die voorwendsel dat dit een van die dokumente was wat sy vergeet het, het hulle haar ouers wakker gemaak. Die vader het oogknippend na sy bril gesoek en moeder het met haar leë mond gesit terwyl sy stilletjies na haar valstande in die glas voor die bed vatvat. Skaam-verleë omdat hy so onkant gevang is, en sonder om te lees het die vader die dokumente geteken. Dit was 'n formele aansoek om die hand van sy dogter. Die koeël was deur die kerk, sy is sonder nadenke en noukeurige oorweging afgeteken.

Na die huwelik wat om 8 uur op Sondag 30 Desember 1956 voor die erediens voltrek is, het sy by hom in sy huis ingetrek. Haar pad van verskrikking het begin. Gewoond aan 'n huis vol sussies, honde, katte, en lawaai waar sy nie een oomblik alleen was nie, het die stilte van die huis haar gevang. As sy saans staan en skottelgoed was en by die venster

uitkyk, het hy grootoog daar gestaan



en haar dopgehou. Of as sy in die donker gang afloop, voel-voel na die simpel skakelaar wat in die middel van die gang sit, het hy om die hoekie gesit met sy hand oor die skakelaar. Dan het hy heerlijk gelag as sy gillend van skrik na hom begin slaan. Maar sy het haar nie laat afskrik nie. Sy het gou gesorg vir haar eie klein lawaai wat hom ook nie rus gegun het nie.

So het die jare verloop, en almal verwag dat die storie soos die tradisionele 'love story' sal eindig met: 'and they lived happily ever after' Gelukkig kan ek sê dat hulle nog lewendig is en mekaar verdra of verdien.

- Oom Piet Theron, Adendorp, Graaff-Reinet,
in sy eie woorde vertel

ONS PRAAT RESTOURASIE

DIE ETIEK VAN RESTOURASIE

Omdat die proses van restourasie permanente verandering aan enige artefak beteken, word restourasie en die restourasie-professie deur 'n etiese kode onderskryf, wat die basis vir enige restourasie-praktyke verskaf en die raamwerk is waarbinne almal in die professie, werk. By die Graaff-Reinet Museum word hierdie restourasie-praktyke en -beginsels deeglik toegepas, omdat ons besef watter groot rol die behoud van artefakte in die volhoubaarheid van ons museum, vertolk.

Integriteit en omkeerbaarheid is van kardinale belang. Maak nie saak wat die aard van die versameling is nie, restourasie wat nie ongedaan gemaak kan word nie, word nooit aanbeveel nie. Die redes hiervoor is eenvoudig: daar mag 'n tyd kom wanneer restourasie-tegnieke vervang kan word met beter tegnieke, wat dalk baie meer betekenisvol kan wees vir die betrokke artefak. Daarmee saam moet die doel van enige restourasiewerk wees om te behou en nie te verander, om te beveilig en nie te vervang, om te onderhou en nie om te herskep nie. Hierdie beginsels onderskei dus die wetenskaplike

restoureerder en museoloog van die kunstenaar - of handwerk- (craft) professie. Die professionele restoureerder, veral in die museumopset, is dus nie skeppers van kulturele voorwerpe nie, maar wel wetenskaplikes wat tegniese vaardigheid aanwend om kulturele materiaal te bewaar. Dit gee ons genoeg rede om alle restourasiewerk met omsigtigheid en versigtigheid te benader en dit behoort enige voornemende skenker van artefakte aan die museum, gerus te stel.

Onsimpatieke restourasie, met ander woorde waar daar gepoog word om voorwerpe van historiese aard mooi en nuut te laat lyk, is 'n fabriering en 'n vervalsing van die waarheid. Die artefak verloor sy betekenis, word 'n nuutskepping en verloor dus sy outentiekheid, sy waarde en sy betekenis. Ek kan nie anders as om die bewaarders van historiese versamelings, hetsy museum- of privaatversamelings, daarteen te maan nie. Om te verander is nie deel van die restourasieproses nie. Indien hierdie opsie oorweeg word, maak ons ons skuldig aan bedrog. Museoloë is terdeë bewus van die feit dat die besoeker onder geen omstandighede onder 'n wanindruk gebring mag word nie. Ondervinding het geleer dat besoekers dikwels nie leke is nie, maar wel logika gebruik om te

onderskei tussen die ware Jakob en iets wat as iets anders as 'n historiese en kulturele voorwerp voorgelou word. Besoekers is nie onkundig nie en moet onder geen omstandighede so hanteer word nie. Die museum se geloofwaardigheid loop dus die gevaar om in twyfel getrek te word, terwyl ons bedoeling tog per slot van sake is om die beste besoekerservaring moontlik te bied. Die restoureerder het nie toestemming om te skep wat nooit bestaan het nie.



Die voëltjie links is ge-restoureer. Daar is 'n merkbare verskil tussen die oorspronklike en die gerestoureerde weergawe

In die museum-professie word daar algemeen van trusteeerde, bestuurskomitees en restoureerders verwag om die nasionale en internasionale wetgewing, reëls en regulasies te implementeer. Dit is veral in belang van museums wat by die Suid-Afrikaanse Museum Assosiasie (SAMA) en ICOM (International Council of Museums) geaffilieer is. Met hierdie affiliasie onderneem museums om die etiese kode van SAMA en ICOM te

onderskryf en dus daarmee saam te stem.

HOE OM RESTOURASIE AAN TE PAK

Die vraag "Is aksie nodig?" sal altyd bepaal of restourasie nodig is of nie. Die toestand van geboue, versamelings, beelde ensovoorts bly nooit staties nie; dit word voortdurend gebombardeer deur omgewingselemente, soos wind en water wat erodeer, inkrimping en uitsetting, fungusse, roet en stof, en verkleuring, krake en kolle wat deur tyd veroorsaak word. Indien dit net so gelaat word, kan sulke skade werke se voorkoms en struktuur heeltemal verander. Vandalisme en onsimpatieke restourasie word ook beskou as faktore wat beskadiging teweegbring. Geen voorwerp is regtig gemaak om te hou nie. In baie gevalle egter, kan bewyse van ouderdom beskou word as deel van die artefak se verlede, wat sy historiese en kulturele waarde verhoog. Hierdie artefakte is gewoonlik minder sag op die oog, maar hul geloofwaardigheid is nie te betwyfel nie. In museums word dit beskou as deel van die item se geskiedenis en oorsprong.

In werklikheid kan museums slegs die proses van agteruitgang probeer vertraag. Voorkomende konservering word in die meeste gevalle aanbeveel soos byvoorbeeld waar temperature beheer word, klimaatbeheer toegepas

word, lig beheer word, sekuriteit en voetgangerbeheer toegepas word asook onbedagte hantering vermy word. Verdere agteruitgang moet beperk en selfs probeer voorkom word. Elkeen in beheer van 'n historiese-versameling moet saam bepaal wat die beste vir die versameling is, hetsy om voorkomende maatreëls te implementeer of om voort te gaan met die proses van restourasie wat oor die algemeen beskou word as drasties en ingrypend.

Indien restourasie aangepak word deur 'n persoon wat onkundig is, mag dit onomkeerbare skade in die hede en die toekoms veroorsaak. Die meeste museumversamelings en historiese geboue, veral dié wat tot Nasionale Gedenkwaardighede verklaar is, word beskerm deur die Wet op Nasionale Gedenkwaardighede van 1999 wat noukeurig deur SAHRA (South African Heritage Resources Agency) toegepas en geïmplementeer word. SAHRA neem hierdie waghondstatus baie ernstig op.

Restourasie vind glad nie in 'n vakuum plaas nie. Dus moet rolspelers, spesialiste, kenners en die gemeenskap in besluitneming geraadpleeg word. Die Wet op Nasionale Gedenkwaardighede van 1999 is ook so geformuleer dat alle erfenis, hetsy historiese versamelings, geboue en landskappe, nasionale erfenis is, en glad nie deur 'n gemeenskap, raad of organisasies as hul persoonlike

eiendom gereken mag word nie. Hierdie lys van etiese reëls dien as die 'gewete' van die wat as bewakers van ons nasionale erfenis aangestel is, wat hulself as besorg oor nasionale erfenis beskou, wat 'n liefde daarvoor openbaar en wat onderneem om op 'n verantwoordelike wyse dit te bewaar. "Doen ek die regte ding?" is die vraag wat gedurig op die voorgrond moet wees.

Elkeen van ons het 'n histories-gelaaide artefak in die huis. Ek hoop dat hierdie riglyne wat ek met die aanstap van die jare saamgestel het, u 'n goeie idee sal gee van die pad wat met ons historiese artefakte gestap moet word.

ANNOUNCEMENTS

- * The Annual General Meeting of The Friends of The Museum will be held on Thursday, 03 July 2015 at 12h00 at The Old Library. We hope that all the friends of the Museum and other interested parties will attend, especially to renew our acquaintance.
- * If you have any suggestions on how we can improve our service, our doors are always open. We are still in desperate need of reliable staff to keep the doors of the museum open on weekends and public holidays. Working at the Museum can be very rewarding, entertaining and uplifting, but even the

permanent staff need a break, since many of us can be found at the reception desk on weekends.

- * Our Oral History Project has slowed down considerably due to lack of human resources. Mrs Jacobs resigned in September 2014 and Mrs Williams in January 2015. We are very short of staff at present with only myself, Ms van Wyk and Mrs Boggenpoel to take care of five museum buildings. Please let us know if you have someone in mind to be interviewed for The Oral History Project. Our digital library is coming along fine and very soon it might be online available.
- * We are also in need of empty bottles and jars with lids. Please contact us if you need someone to collect.
- * A very interesting and enriching workshop is planned for December: how to make your own doll, teddy, stuffed animal. Space is very limited but we might just consider presenting it over a period of two day. Please contact us and leave your name and contact details. It promises to be great fun for moms and little girls!
- * We recently received this email:

Hi there,

Was looking at your website, congratulations, its very well put

together, thank you. I have an historical interest in Graaf-Reinet.

My wife's Great Grandparents Alexander and Catherine Reid owned and ran the bakery in Graaf-Reinet in the late 1800's. I was wondering if you know anything of the bakery from those days? I would very much like to find more information on the history of the Reid family and Graaf-Reinet.

Yours faithfully,

Tony and Alison Smith

If you can be of any assistance with regard to this inquiry, please contact us and we will put you in touch with Tony Smith in Nieu Zealand.

- * Professor Burden's Book on Cape Dutch furniture is now available at Reinet House. In addition, the 2015 Withond is also available as well as beautiful local beadwork. Cuttings from the Old Grape vine will be available from July 2015 at R50 each. Please support our museum shop.

WORDS TO PONDER.....



**THE MEDIATOR
BETWEEN THE HEAD
AND HANDS, MUST
BE THE HEART!**